| 17 Oktober | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 19 OKTOBER SE EREDIENS

| 09:30 | Liturgie & Nagmaal | Prediker |
|---|---|---|
| Kleinmondkerk | Ds. Kirsten Small | Ds. Heinrich Carstens |

LIG | DEERNIS | HOOP

# Kleinmondkerk

## Reg om behoorlik vir God te werk...

**2 Timoteus 3:14 - 4:5**

19 Oktober 2025
Gesamentlike Erediens
Kleinmondkerk om 09:30





Liturgie & Nagmaal - Kirsten Small
Prediker - Heinrich Carstens

## Bevestiging van Ouderlinge

1. Beichter Leon Johan – PM5
2. Bezuidenhout Albertus Thomas – PM1
3. De Klerk Johanna Christina Elizabeth – KP2
4. Erasmus Tino Gordon – Sa2
5. Esterhuizen Jacobus Marthinus - Voorsitter van Barmhartigheidsbediening
6. Fourie Johan Frederick – Ba1b
7. Groenewald Lucas Marthinus – Bb1
8. Groenewald Petrus Joshua - Sb2
9. Hickley Jacobus Louw - PM2
10. Human Susan Cathrine – Sb1
11. Kotze Willem Adriaan – Sa4
12. Lamprecht Jacobus Johannes – Ba2
13. Meyer Philippus Jakobus - PM4
14. Scheepers Maryna – Sb3
15. Smit Hohannes Cornelis - HK3
16. Viljoen Neil – KB4

**Die volgende lidmate word DV Sondag 19 Oktober 2025 tydens die erediens as ouderlinge bevestig.**

LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG

**YouTube**

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

*Gebruik gerus die* ***SnapScan-opsie*** *om jou offergawe te gee.*

SnapScan

# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Dinsdag 21 Oktober** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| | ***17:00*** | Finansies (TYD-kuierruimte) |
| **Woensdag 22 Oktober** | ***09:00*** | Kerkraad (TYD-kuierruimte) |
| | ***18:00*** | Dissipelskapgroep (Kapel) |
| **Donderdag 23 Oktober** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| **Vrydag 24 Oktober** | ***06:30*** | Kleinmond Mannegroep |
| | ***10:00*** | Herderbyeenkoms (Kapel) |
| | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |

*Lidmate wat voorbidding nodig het*

*Marie Veldtmann (KB3) en Wilma de Villiers (Ba2).*



*Innige meegevoel...*

met die familie en vriende van Cas Singleton (Sc3) met sy afsterwe.


Deuroffers op Sondag
gaan vir ons gemeente se Vrouediens!


Sondag 26 Oktober se
Deuroffers
gaan vir ons gemeente se
Gasvryheidsbediening!


Dankofferbydraes
Merk asseblief jou
dankofferbydrae met
HK vir Hangklipstreek
of
KM vir Kleinmondstreek




## Gebedsgroepe

## Kerkraad







## Finansies


## Hangklip Bybelskool






## Mannebediening

## Herdersbyeenkoms




## Wit olifante



2026

Kalender

# 2026 KALENDER




Weet jy van 'n besigheid wat wil help om ons Kalender vir 2026 te borg?

Het jy jou eie besigheid wat graag as 'n borg vir die Gemeente se Kalender wil instaan?

Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting en om jou borgspasie te bespreek. Slegs 15 spasies beskikbaar. Afsnydatum @ Vrydag 24 Oktober 2025.

## Caritas





# Nagmaal Koskasinsameling

As jy dalk vergeet het van die KOSKASINSAMELING vir ons Barmhartigheidsbediening met ons Nagmaalnaweek, kan jy enige tyd in die volgende week of twee steeds jou bydrae bring.

## Lootjies!

# WEN!!! WEN!!! WEN!!!

Comfi Linen

LOOTJIE R50



**3 Hantam-lammers & R1500 Linne-geskenkbewys**

**Beskikbaar by 'n Hangklip Dienswerker of die Kerkkantoor in Kleinmond.**

***Sluitingsdatum is Vrydag 28 November***

Hangklip

# KUIERBASAAR

## 1 NOVEMBER

09:00
-13:00

- Pannekoek
- Basaarpoeding
- Hamburgers
- Potjiekos
- Teetuin
- Koek
- Beskuit
- Boeries
- Kindertafel
- Plante
- Wit Olifante...



PILLANSIAWEG 2
BETTYSBAAI

**GRATIS TEE & KOFFIE**

## MUSIEK

& KINDERVERMAAK

VIR ENIGE SKAKEL DIE KERKKANTOOR BY 028 271 3470

# Vrouebyeenkoms Afsluitingsfunksie

Die funksie vind plaas op **4 November 2025** om **15:00** by die **Kerksaal**, Eerste laan 36, Kleinmond.

Ons benodig dames wat bereid is om as **gasvroue** op te tree. Die gasvrou van elke tafel sal verantwoordelik wees vir die **volledige dek van die tafel**, asook om **een groot koek of tert (soet)** te voorsien. Ons sal sorg vir die bordjies soutgoed, tafel, stoele en tafeldoek (indien nodig reël net vooraf).

Ons maak staat op jou unieke "flair" en gasvryheid om die middag in te kleur!
Indien jy kans sien vir hierdie rol, kontak asseblief vir Elizna Hogan by die kerkkantoor 028 271 3470 of Ninnie du Toit by 082 419 2938.

***Ons sien uit daarna om saam met julle te kuier en hierdie middag onvergeetlik te maak!***

Met hartlike groete,
Kerkkantoor

## GETUIENIS-SONDAG: 16 NOVEMBER 2025
## SENDELING - YOLANDÉ KORKIE


Yolandé Korkie is bekend as die sendeling wat saam met haar man Pierre in Jemen gyselaars was. Dit is ook waar hy gesterf het. Sy het sedertdien die **Crisis Response Network** (**CRN**) geskep, 'n organisasie wat uitreik na sendelinge in nood en slagoffers van geweld.

Sy besoek ons gemeente weer op **Sondag 16 November** waar sy van haar werk sal vertel met die klem op die nood van slagoffers in krisisomstan-dighede. Voorbeelde hiervan is die oorlogstryd in Gasa, die krisis in Afghanistan en Soedanese vlugtelinge in Uganda.

Dit is 'n geleentheid vir ons om meer te leer oor die behoeftes van vlugtelinge en ook migrante, van wie daar in ons eie omgewing 'n groot getal is.

Dit vind hierdie keer in **Kleinmondkerk** plaas – 'n geleentheid vir ons amal om te leer wat ons in ons eie omgewing kan doen. Op die volgende Sondae gaan meer inligting hieroor gegee word.

*Bring asseblief **skoon leë koffiebottels** met deksels na die Kerksaal vir die Kleinmond Sopkombuis!*



*Dis is weer ons Gemeente se beurt op 18 November om bottels te pak.*



# Boekoase

## Talm met boeke


Boekoase 'n ruimte waarby siele baatvind

'n Skatkis van boeke vir ouer en jonger lesers wat van gehalte-leesstof hou, wag in die Hangklipkerk se Boekoase om ontdek en geleen (ja, natuurlik ook 'gelees'!) te word.

"Dis 'n geseënde ruimte waarby soveel siele baatvind," sê Alta Jones, wat vir die bedryf van die bibliotekie verantwoordelik is. Kinderboekskenkings, onder meer aan die Jeugsorgsentrum en Siyabulela-kleuterskool in Kleinmond, asook die Rooikruis-Kinderhospitaal, is uitreik-aksies wat ook besonders is.

As jy die Hangklipdiens om nege-uur op 'n Sondagoggend bywoon en daarna die Boekoase se deur sien oopstaan, moet jy gerus onthou om 'n draai daar te maak. Dit is stampvol heerlike leesstof wat netjies en logies volgens onderwerpe, titels en skrywers gesorteer en op die rakke gerangskik is.

Die volgende drie titels word dié keer aanbeveel:



- **CHURCH BEHIND THE WIRE** deur Barnabas Mam met Kitti Murray.

'n Subtitel lui 'A Story of FAITH in the Killing Fields'.

Dit is die storie oor Mam se bekering tot die Christendom in die 1970's en hoe hy die voorste kerkplanter in Kambodia geword het – in die tyd van die berugte volksmoordveldtog van Pol Pot wat as die 'Killing Fields bekendgestaan het.

- **VREESLOOS** deur Max Lucado, met die subtitel 'Leef vry van vrees'.

In dié boek wil Lucado vir lesers sê: verbeel jou 'n lewe heeltemal onaangeraak deur angs, waarin vrees nie bestaan nie; en hoe dit sou wees as geloof pleks van vrees jou natuurlike reaksie op bedreigings was!

- **STAAN OP VIR JOUSELF** deur S T Potgieter, met die subtitel 'Vind weer jou drome'.

Die vrees vir mislukking en kritiek weerhou soveel mense daarvan om voluit te lewe en soms weet hulle nie hoe om uit 'n put van wanhoop en vernedering te ontsnap nie. Die boek bied 'n praktiese gids met riglyne om verlore drome aan te gryp en vir jouself op te staan.

## Fasiliteite: Besprekings

Kontak vir Joke by die Kerkkantoor (028 271 3470) vir enige **besprekings** by die Kerksaal, Kleinmondkerk of Hangklipkerk.

## Ons leraars se kontakbesonderhede


| Ds. Heinrich Carstens | Ds. Leopold van Huyssteen | Ds. Kirsten Small |
|---|---|---|
| *083 566 1490* | 082 707 0676 | *079 296 2431* |
| heinrich@ngkogelberg.co.za | leopold2493@gmail.com | kirsten@ngkogelberg.co.za |

# Jeug- en Familiekamp

## NGKerk Kogelberg

## 'n Avontuur vir die hele familie

9-11 Oktober 2025   Kleinmond Karavaanpark



*Met liefde gemaak deur Jeanne*






















Jeug- en Familiekamp
NGKerk Kogelberg
'n Avontuur vir die hele familie
9-11 Oktober 2025 Kleinmond Karavaanpark







# Jeug- en Familiekamp

NGKerk Kogelberg

'n Avontuur vir die hele familie

9-11 Oktober 2025 Kleinmond Karavaanpark














*Boekoase bied aan*

# BOEKBEKENDSTELLING

*Kom gesels met*

**MARIUS UNGERER**






**5 NOVEMBER 2025**
10:00

**HANGKLIPKERK**
PILLIANSIAWEG 2,
BETTYSBAAI

**RSVP:**
mariusu@sun.ac.za
voor 2 November 2025

# Gemeenskaps-
# DAGBOEK



# Verjaarsdae!

## Saterdag 18 Oktober

Ardene Louw 082 311 3365 (Sa2)
Marlise Mantell 082 553 5848 (PB1)
Caroline Meyer 083 419 4982 (Bb 1)
Heinrich Nieuwenhuis (Bb 3)

## Sondag 19 Oktober

Christine Dreyer 082 202 2395 (KP2)

## Maandag 20 Oktober

Rosa Du Plooy 073 145 1543 (Bb 3)
Daleen Engelbrecht 082 701 6681 (Bb 2)
Bremer Gericke 073 211 2130 (Sa1)
Hanlie Van der Merwe 082 931 4336 (Bb 2)
Leopold Van Huyssteen 082 707 0676 (BB4)



## Dinsdag 21 Oktober

Jansie Engelbrecht 072 460 2689 (Sa4)
Jan Jonker 082 496 6561 (Sa3)
Lee Ludick 079 535 6841 (PM1)
Carlo Van Rensburg 082 840 8148 (Sa2)
Leon Van Rooyen 083 356 1174 (KB2)
Pieter Viljoen 084 245 1486 (Bb 1)

## Woensdag 22 Oktober

Braam Buys (KB2)
Johanna Conradie (PM3)
San-Mari De Reuck (BB2)
Marina Müller 082 625 9278 (PM5)
Debbie Olivier (Sa3)
Era Van Den Berg 083 302 9336 (BB6)
Jaco Van Niekerk 073 614 2325 (KB2)

## Donderdag 23 Oktober

Johan Bornman 074 217 2063 (BB5)
Elen Cawood 082 403 8905 (BB4)
Yvonne De La Rey 083 287 3973 (Sb2)
Magriet Gresse 084 523 1035 (HK3)
Willie Groenewald 083 629 1662 (KP1)
Margareth Maurer 082 853 5963 (KB3)
Handrie Miller (BB4)
Jan Olivier 082 495 4320 (PB3)
Gerrie Reitsma 083 626 6963 (Sb1)
Lorraine Van Aarde 072 225 0295 (KB2

# Reg om behoorlik vir God te werk...

## 2 Timoteus 3:14 - 4:5



GESPREKSBLAD VIR GROEPE



**GROEPGESPREKKE | 20 - 25 OKTOBER 2025**

**1. Gesels bietjie saam...**

Verlede week het ons gesels oor 'n taak wat moeilik of uitdagend was... en hoe ons nie moet toelaat dat iets ons aandag van daardie taak af wegvat nie. Vandag wil ek julle uitnooi om te gesels oor die vraag: Is dit makliker (en lekkerder) om 'n uitdagende taak aan te pak as jy die regte gereedskap het?

1.1. Hoe weet jy watter tipe gereedskap beskikbaar is om te help?

1.2. Hoe leer jy om daardie gereedskap te gebruik?

**2. Ons storie nou...**

2.1. As gelowiges wat deur Jesus gered is, het ons die roeping om onder leiding van die Heilige Gees te leef en so ook die koninkryk uit te bou. Maar ons weet nie altyd presies HOE ons dit moet doen nie. Daarom lees en bestudeer ons die Bybel (die bron-dokument vir ons roeping) en bid dat die Heilige Gees ons sal help om dit reg te verstaan en te interpreteer vir ons lewe as christene. Die probleem is net dat ons nie altyd so gemaklik is om dié gereedskap te hanteer nie.

2.2. Gesels met mekaar oor die rol wat die Bybel in jou persoonlike geloofslewe speel: Hoe gereeld lees jy die Bybel? En HOE lees jy die Bybel?

- sistematies aan die hand van eksegetiese riglyne
- volgens 'n LEESROOSTER
- rond-en-bont soos wat jou gemoed jou lei
- soos wat 'n dagstukkieboek dit voorstel
- met 'n joernaal by jou terwyl jy wandel-in-die-Woord

**3. God se storie...**

3.1. Lees vir hierdie byeenkoms net 2 Timoteus 3:10-17 rustig saam deur. Dié gedeelte bestaan uit die volgende dele:

3.1.1. Vers 10-13 skets vir ons Paulus en Timoteus se omstandighede.

3.1.2. Vers 14-17 vertel meer van die Skrifte (Bybel)

- 3:14-15a - Timoteus moet bly by dit wat hy oor die Bybel geleer is
- 3:15a - Die Bybel leer ons van verlossing deur Christus
- 3:16a - Die hele Bybel is deur God geïnspireer
- 3:16b-17 - Die Bybel se viervoudige nut

3.2. Gesels met mekaar oor die volgende:

3.2.1. Watter mooi eienskappe van Paulus het Timoteus nageboots (v10-11)?

3.2.2. Watter van hierdie eienskappe sal jy graag in jou eie lewe wil sien? Wat kan jy doen om dit te verseker?
3.2.3. Vra iemand in die groep om uit 2 Korintiërs 11:23-29 te lees. Dis 'n treffende opsomming van die swaarkry wat Paulus vir die evangelie moes verdra. Watter waarskuwing kry ons ook uit 2 Timoteus 3:12?
3.2.4. In die lig van julle antwoord hierbo... hoe moet ons vervolging (of die gebrek daaraan) in ons lewens verstaan? Waar pas swaarkry in?

*Moet nooit dink dat swaarkry wys dat jy nie 'n kind van God is nie. Swaarkry as 'n toegewyde gelowige bewys juis dat jy 'n kind van God is!*

3.2.5. Van watter tragiese feit lees ons in vers 13? Hoekom is dit so?
3.2.6. Paulus beveel Timoteus om te bly by wat hy geleer het. Hoe moet ons dit doen?
3.2.7. Hoe kan ons seker wees dat dit wat ons geleer is, waar is?
3.2.8. Ons dink dikwels dat die Bybel al die antwoorde op al ons vrae wil gee. Wanneer ons so dink, vergeet ons wat die doel van die Bybel is. Gesels met mekaar oor wat die doel van die Bybel is, volgens vers 15?

*Die Bybel wil ons leer wie God is, hoe ons gered kan word, en hoe ons Hom moet dien!*

3.2.9. Deur die eeue heen was daar baie debatte oor presies wat dit beteken dat die Skrif deur God geïnspireer is. Gesels eers oor die vraag en lees dan die kursief-gedrukte gedeelte hieronder.

*Die woord wat in 2 Timoteus 3:16 met geïnspireer vertaal word, beteken letterlik deur God geasem. Met ander woorde, dit sê dat die Bybel uit God se mond kom. Dit is deur Hom geïnspireer. God het die menslike skrywers so gelei om binne hul omstandighede te skryf wat Hy wou gehad het hulle moet skryf. Lees ook 2 Petrus 1:20-21.*

3.2.10. Wat beteken dit vir jou dat die hele Skrif deur God geïnspireer is?
3.2.11. Watter vier dinge stel die Skrif ons in staat (v16) om te doen?
3.2.12. Wat beteken elkeen?
3.2.13. Watter troos gee vers 17 vir jou?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

Gesels met mekaar oor die noodsaaklikheid van goeie Bybelkennis om as gelowiges ons roeping in God se koninkryk uit te leef, veral na aanleiding van die gedagtes wat julle met mekaar gedeel het by punt 2.3 hierbo.

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord met die oog op Sondag 5 Oktober se eredienste en oordink dit solank hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 20 Oktober - 2 Timoteus 3:10-17
- Dinsdag 21 Oktober - Psalm 65
- Woensdag 22 Oktober - Joël 2:23-32
- Donderdag 23 Oktober - Lukas 18:9-14
- Vrydag 24 Oktober - 2 Timoteus 4:6-8
- Saterdag 25 Oktober - 2 Timoteus 4:16-18